Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, July 09, 2017
Page: 4

# Goeie matriekuitslae begin in kleuterskool

Johan Fourie



**Insentiewe & dinge**

Die één ding waaroor die meeste Suid-Afrikaners saamstem, is ons land se swak onderwysstelsel. Terwyl daar 'n paar honderd openbare en private skole is wat leerlinge bemagtig met onderwys van 'n hoë gehalte, is die meeste leerlinge in skole waar hulle nie voldoende toegerus word om universiteit toe te gaan of by ander tersiêre instellings in te skryf nie.

Kom ek laat die syfers die praatwerk doen: Slegs een uit drie leerlinge wat die wiskunde-eindeksamen in 2016 geskryf het, het 40% of meer daarvoor gekry. Of dink so daaraan: Ongeveer 15 000 matrieks het 70% of meer vir wiskunde gekry - dit is maar 1,5% van die getal leerlinge wat tans gr. 1 begin.

Alle toekomstige ingenieurs, statistici, rekenaarwetenskaplikes, ekonome, fisici, finansiële bestuurders en aktuarisse moet uit daardie klein poeletjie van leerlinge opgelei word.

Om hierdie rede word baie aandag aan die verbetering van die skoolstelsel gegee, met die fokus tipies op die matriekeksamen. Tog is daar navorsing wat toon dat die gaping tussen leerlinge reeds vroeër ontstaan. In 2015 se Trends in Mathematics and Science-studie (TIMSS) word getoon slegs 34% van ons gr. 9-leerlinge voldoen aan die laagste internasionale maatstaf vir wiskunde op daardie vlak. Met ander woorde, 66% van ons gr. 9-leerlinge is wiskundig ongeletterd in gr. 9. (Die klein bietjie goeie nuus is dat vergeleke met 2011 is hierdie 'n verbetering van 10 persentasiepunte.)

Die probleme begin egter nie in die hoërskool nie. Dieselfde 2015-TIMSS-studie toon dat 61% van ons gr. 5-leerlinge nie die internasionale maatstaf vir wiskunde kon haal nie. Slegs 41% van gr. 5's kon byvoorbeeld die som 512 x 3 doen.

Servaas van der Berg, professor in ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch, draai nie doekies om nie: "Die beleidsboodskap is duidelik: Die meeste kinders het reeds sulke groot agterstande dat die meeste deure al teen die einde van laerskool vir hulle toe is. Terwyl pogings om hierdie agterstande in die hoërskool uit te wis belangrik is, moet die grootste fokus eerder op die vroeë jare van onderrig wees, indien nie vroeër nie."

In werklikheid, baie vroeër. Milandre Vlok, 'n PhD-student aan Unisa met jare lange ondervinding in kleuteronderrig, doen tans veldwerk vir haar navorsing oor vroeë kinderontwikkeling by twee kleuterskole in die middestad van Pretoria. Albei kleuterskole huisves meestal kinders van Afrika-immigrante. In die een skool het kinders opgeleide onderwysers (nie noodwendig 'n universiteitsgraad nie, maar opleiding by 'n onderwyskollege), speelgoed en ruimte om te beweeg en te speel. In die ander skool is ongeveer 30 kinders ingewurm in 'n klein ruimte met 'n toesighouer wat hulle basies net oppas. Die verskille in die kinders se ontwikkeling is opmerklik. Vlok sê wanneer kinders in albei skole gevra word om 'n prentjie te teken van "die stad", teken die kinders in die eerste skool stokmannetjies van hul familie en maatjies in 'n gebou. Kinders in die tweede skool teken geen prentjie nie. Hul beste pogings is eenvoudig 'n onidentifiseerbare gekrabbel. Dit is onwaarskynlik dat kinders in laasgenoemde kleuterskool ooit hul ware potensiaal sal bereik.

Sukses op skool en daarna is grotendeels afhanklik van voorskoolse belegging in kinders. Die swak prestasie van leerlinge in ons skoolstelsel is omdat die meeste kinders met geweldige agterstande in gr. 1 aankom. Daar is min in die skoolstelsel wat dié kinders help om hierdie voorskoolse agterstande uit te wis.

Dit vereis dat die regering harder moet dink oor voorskoolse sorg. Dalk kan die kindertoelae hier gebruik word. Koopbewyse kan aan ouers toegeken word wat hulle kan gebruik by kleuterskole wat deur die private sektor gestig word.

Die nasionale ontwikkelingsplan (NOP) mik na twee jaar se voorskoolse onderrig, maar daar is min konkrete voorstelle. "Voorskoolse onderrig" word nie eens volledig omskryf in die plan nie.

Navorsing wys dit is opgeleide onderwysers wat die deurslag gee. Indien daar 'n vraag na sulke onderwysers in private kleuterskole is (wat deur die staat se koopbewyse gefinansier kan word), sal die private sektor genoop wees om self opleidingskolleges op te rig.

Suid-Afrika het 'n onderwysrevolusie nodig, beslis, maar een wat reeds by die ouderdom van een jaar begin. Dit help nie net om die skoolstelsel reg te ruk nie. Goeie kleuterskole, met opgeleide personeel, ruimte en speelgoed wat kinders se vaardighede ontwikkel, is deurslaggewend om die volgende generasie te bevry van ongelyke onderriguitkomste.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.